

datum:
17 Januarie 2016

Teks: Job 1:1-5
Tema: Die priesterlike taak van ouers
Liedere:
Psalm 103-1:1, 7
Psalm 128-1:1-3
Psalm 36-1:6
Lied 203:1-3

veral met die oog
op ons kerkisasie
opening en as
aansporing vir ons
ouers om getrou
aan hul
doopsbeloftes hul
kinders in die vrees
van die Here groot
te maak

Jesus, is soos die
veral Heb. duidelik
maak, ons Groot
Hoë Priester wt ons
met die enige offer
van sy liggaam
verlos het en met
sy voorbidding

- > In vanmôre se prediking beskou ons hoe Job, as 'n gelowige pa, namens sy kinders ingetree het om hulle met God te versoen.
- > Job het dit gedoen deur hulle te reinig en brandoffers vir hulle te bring.
- > Deur die bring van offers tree Job as 'n priester op.
- * Nou priesters is mense wat deur die bring van offers tussen God en mense bemiddeling, versoening gebring het.
- * Die offer het vrede tussen God die mens bewerkstellig.
- > Nou, die boek Job is een van die oudstes in die Bybel en die geskiedenis wat daarin vertel word gebeur lank voor Israel uit Egipte weggetrek het en lank

gedurig by die
Vader vir ons intree
Daarom is daar nie
meer priesters in die
NT bedeling, maar
wel predikers wat
van Xp se offer getuig

voor God die levitiese priesterdiens ingestel het.

* Tog sien ons hierdie goue draad reg deur die Skrif
loop: *sonder die vergieting van bloed vind daar geen
vergewing plaas nie* (Heb. 9:22)

Ons vra daarom in vandag se prediking:

- 1** Wat was Job se motivering om offers namens sy kinders te bring?
en wat behoort jou motivering te wees om offers van gebed namens jou kinders te bring
- 2** tweedens vra ons wat die offer was wat Job gebring het en waarop dit dui,
- 3** en laastens wat die reaksie op daardie offer is.

1. Wat was job se motivering vir die bring van offers

* Vers 1 gee vir ons 'n kort cv van Job waarin ons sy eerste van twee motiverings vind om offers namens sy kinders te bring:

Job was vroom en opreg

en het **God gedien** en die kwaad vermy.

* Die ou vertaling sê Job was **godvresend** was.

En dit was die rede hoekom Job daardie offers gebring het!

* *Godvresend* is nie tans 'n woord wat ons baie van mense gebruik nie.

sal goed wees as
ons dit weer deel
van ons spreektaal
maak...

- Ons gebruik eerder die woord **gelowige** om dieselfde te beteken.

* Ons kan sê dat Job gedoen het wat hy gedoen het omdat hy 'n deurleefde gelowige was.

* Dit betekenend dat Hy God geken het.

* Dat hy in 'n lewende verhouding met God gestaan het.

> Dat hy net soos ek en jy vandag sou kon bely dat hy

>> met die *hart glo* en met die *mond bely* dat daar 'n enige, enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem.

> Dat Hy ewig is, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik,

>> oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.

& in hfs 19 getuig
Job in sy geloof in
die komende Xp!

- Dat hy, Job, kon getuig dat alles wat hy het uit God se liefdevolle hand ontvang.
- En dat hy sy lewe in in aanspreeklikheid teenoor God leef. _____

doelbewus die
ruimte geskep
waar sy kinders
God kon leer ken

- * En as iemand wat op hierdie manier bewus was van
 - > die wonders van God, is dit te verwagte dat hy ook sy geloof met sy kinders sou deel.
 - > Daarom het Job nie net sy kinders in sy
 - > godsdiensoefening ingesluit nie, maar 'n groot deel van sy goedsdiensoefening spesifiek ingerig sodat sy kinders ook soos hy,
 - > die liefdevolle en ewige God sou ken en persoonlik vir die Here sou lief word..
 - > Dit behoort ook my en jou eerste rede te wees om ons kinders in ons godsdiensoefening in te sluit,
- * dat ons oorweldig is met wonder en die liefde van die Persoon van God en sy eienskappe en Hom daarom met ons naaste wil deel...

2.

* **Job se tweede motivering** om offers namens sy kinders te bring, en hulle by die bring daarvan in te sluit, is 'n donkerder rede...

>>> > Ons lees in hfs 13:26 dat Job daar die Here *vra of die rede hoekom hy so ly, as gevolg van die sondes van sy jeug is.*

> Sien: waar vers 1 vir ons die CV verskaf van iemand wat in 'n lewende verhouding met God staan:

* Wat met 'n liefdevolle ontsag vir God vervul is, en as gevolg daarvan vroom en opreg leef en die kwaad vermy...

* was dit nie van altyd af die geval in Job se lewe nie.

^soos ons uit die vers aflei

> Hy het, vroeër^, op 'n stadium as iemand geleef wat God nie gevrees het nie.

* As iemand wat geen kennis van, of liefde vir, of ontsag vir die Almagtige Skepper van hemel en aarde gehad het nie.

> As iemand wat pleks vanuit 'n lewende verhouding met God gestreef het om vroom en opreg te leef en die kwaad te vermy,

- > vanuit geen verhouding met God gevolglik
- * goddeloos en skandalig geleef het en die kwaad opgesoek het.

- >>>> > Iemand wat in die woorde van Efesiërs 2:
 - * Geleef het soos die sondige wêreld
 - * Hom laat lei het deur die vrees van die onsigbare magte
 - * Iemand wat deur sy sondige begeertes oorheers was
 - * En gedoen het net waartoe sy luste hom gelei
 - * En wat in sy gedagtes opgekom het

- >>> > Iemand wat daarom dood was as gevolg van sy sondes en oortredings wat sy lewe gekenmerk het.

- * Maar net soos die verlore gelowige in die Nuwe Testament moes God op 'n stadium sy barmhartigheid en liefde aan Job bewys het.

iets waarna in die
plaasbekledende
offers wat hy vir sy
kinders gebring het
ook gewys het...

- * Dat God vir Job, wat as gevolg van sy sondes en oortredings dood was en die dood verdien het,
 - > lewend gemaak het om Christus' *finale offers* ontwil.
 - > Dat Hy 'n ommekeer in Job se lewe bewerk het.
 - > Dat Hy Job uit genade gered het...

- > Hierdie realiteit van sy eie verlossing is die tweede
- >>>> motivering vir Job se bring van offers ten behoeve van sy kinders.

die here moes
ontmoet

- * Job wou gehad het dat sy kinders van jongs af al moes leer dat God 'n weg van verlossing uit sonde en ellende uit gebaan het.
- >>> > Dat hulle nie, soos hy, eers in die dieptes van 'n goddelose lewe moet verval voordat hulle God leer ken en tot bekering kom nie,
- >>> > maar dat hulle van kleins af al die Here ken en Hom as hul persoonlike verlosser en liefdevolle God kan omhels.
- * Daarom het *Job elke keer*, dws voortdurend, as sy kinders partytjies in mekaar se huise gehou het,
 - > hulle na die tyd laat roep
 - * om hulle vir die bring van die brandoffers te reinig
 - * wat hy vir elkeen van hulle gebring het.
- > Nou, ons moet besef dat hierdie onskuldige

Job se kinders was
nie soos Eli s'n nie

partytjies was,

- > dit was nie 'n brassery nie,
- * daar het niks uiterliks slegs by hierdie partytjies gebeur, soos so dikwels by hoërskool of universiteitspartytjies gebeur nie...

- > Maar Job was so besorgd oor die ewige siele van sy kinders dat hy gesê het
- * dat as hulle selfs net in hul gedagtes gesondig het,
- * daar 'n offer vir hul nodig is.

Soos ons Here Jesus ons in sy bergrede leer dat sondige gedagtes net so doemwaardig voor God is as sondige dade...

- >> > Op dieselfde manier behoort ek en jy, as ons weet wat die vernietigende krag van die sonde is,
- >> > en as ons die bewustheid het dat God ons uit die duisternis na sy wonderbare lig toe geroep het,
- >> > ook die realiteit en die wonder hiervan met ons kinders te deel.
- >>>> > Ons behoort ook te soek en hulle te begelei om nie meer in hul sonde nie maar in God te leef.

- want terwyl ons nie altyd weet wat in ons kinders se gedagtes aangaan nie,
- weet ons dat hulle sonde doen,
- > en as daar nie 'n offer vir hul sondes is nie, as God nie sy barmhartigheid en liefde, om Christus ontwil aan hulle bewys nie en hulle dit nie gelowig > aanneem nie, **sal hulle ewig verlore gaan**

*** Dit bring ons by die tweede punt van ons preek:**

Ons weet nou wat die motivering vir Job se intrede namens sy kinders was – dat dit vanuit 'n eerbied vir God en 'n besorgdheid oor sy kinders se ewige siele was,

- > **maar wat was die omstandighede van die offers wat Job gebring het en waarop dui dit vir ons vandag?**

klink baie soos 'n ouer wat sy kinders oproep om reg te maak vir kerk, maar dit gaan hier oor iets diepers as om deur die bad te spring en netjies aan te trek

- > Ons lees in vers 5 dat Job *“sy seuns en sy dogters beveel het om hulle vir die bring van die offers te reinig”*

*** Nou, ons moet besef dat ons hier met 'n Ou**

Testamentiese seremoniële handeling te make het.

- * Dat die offer en seremonies vooruitwys na die vervulling in die eenmalige offer van Christus,
- * en die werk van sy Gees wat hierdie offer in ons lewens van toepassing maak.

> Só het hierdie uiterlike reiniging en offer *geen inhirente krag tot redding gehad* nie, maar was dit

- >> * verteenwoordigend van 'n innerlike reiniging en versoening met God.

- * So ook het Job besef dat sy bevele rakende sy kinders, dat hulle hulle vir die bring van die offer **moet** reinig, net 'n uiterlike handeling is,

- >>> * een wat sonder die toepassende werk van die Heilige Gees geen indruk op hul lewens sou maak nie...

en om 'n ruimte te skep waar sy kinders God kan leer ken maar laat vaar het nie

- > Maar hierdie besef het nie gemaak dat Job een van sy kinders oorgesien het, of die geleentheid om offers te bring uitgestel het nie.

- > Nee, hy het besef dat hy 'n voorbeeld moet stel,

dat sy kinders, *selfs al glo hulle nog nie self nie*, geen
* twyfel moet hê oor die egtheid van hul pa se geloof
nie.

> Op dieselfde manier *kan gelowige ouers vandag nie
die geloof in hul kinders werk nie*,

*en ouers bid om
die vervulling van
daardie belofte –
dit is hoekom ouers
en grootouers
dikwels aangedaan
by 'n kind of
kleinkind se
belydenis van
geloof is, wat hulle
sien daar hoe God
sy beloftes in hul
geliefde se lewe
hou.

* en ouers moet dit besef,

> Maar ouers het die opdrag van God om hul kinders

> in die geloof groot te maak – soos hulle ook met die
doop van hul kinders beloop het,

> en saam met daardie doop het hulle die geloof dat
God, op die tyd en plek wat vir Hom geskik is,

* daardie kind, selfs al is daardie kind al middeljarig of
selfs bejaard tot ware geloof sal bring.*

≥ **Om** die rede betrek gelowige ouers hul kinders, soos
Job, in hul godsdiensoefening,

* nie om die geloof in hul kele af te druk nie,

* maar om *positief* te getuig:

> *Jy is gebore in 'n gesin wat die Here liefhet en
daarom soek om Hom beter te ken en in sy diens te
staan.*

- > *Ons is 'n gesin wat daagliks op ons knieë gaan.*
- > *Ons is 'n gesin wat ons sondes bely.*
- > *In hierdie huis bring ek my sondige natuur as ouer,*
 - *en die sondige natuur wat jy geerf het,*
 - *en ons bely dit voor die Here.*
- > *Hier bid ek vir jou en wy jou in gebed aan die sorg van die Almagtige Vader toe. (of jy in Hom glo of nie)*
- > *Alleenlik deur God se mag, genade en liefde is ek deur die offer van Jesus gered.*
- > *En hy kan jou ook deur daardie offer red.*
- > *En ek sal vir jou bid totdat dit gebeur.*
- > *En ek sal aanhou om vir jou te bid selfs na dit gebeur het,*
- > *Ek sal vir jou bid, ek sal jou aan die Vader opdra.*
- > *Ek sal elke dag offers van gebed aan die lewende God bring.*

- >>>>> > Die tweede ding wat vir ons rondom die omstandighede van die offer uitstaan is die feit dat
 - Job die offers vroeg in die môre gebring het:
- >> > Vir iemand wat die eienaar van *seweduusend*

&die belangrikste
man in die ooste is

*kleinvee, drie duisend kamele, vyfhonderd pare
trekosse, vyfhonderd donkies en baie slawe was,*

>>> > sien ons dat sy **prioriteit** by die geestelike welstand
van sy kinders staan.

* In minder as 'n hoofstuk verder sou al Job se kinders

> dood wees, maar in sy worsteling met God sou hy
geen woord oor die lot van sy kinders opper nie,

> want hy het geweet dat hy sy geestelike

toe hy die kans
gehad het

> verantwoordelikheid teenoor hulle nagekom het, en

> dat hy daarom in die getrouheid van God oor die
siele van sy kinders kon berus.

>>> > En die vraag vir ons wat ouers is, is dit: as my kind

sal jy kan getuig: ek
het my kind
daaglik aan die

vandag moet sterf, sal ek my by hul dood kan berus
omdat ek weet dat hulle die Here ken?

Here opgedra, en
die ruimte geskep
vir my kind om God
te leer ken?

> Indien nie behoort jy 'n prioriteitsaanpassing te
maak...

> **Die derde omstandigheid rondom die offer, en die
laaste punt van ons preek is die feit dat dit 'n offer
was..**

- > Waar Job as Ou Testamentiese gelowige beeste of kleinvee geoffer het,
- * bring ons as Nuwe Testamentiese gelowiges nie meer offers om onself of ander met God te versoen nie.
- > Ons kan niks by die Hoë Priesterlike offer van Christus, dat Hy homself in ons plek gegee het, byvoeg of herhaal nie.
- >>>>> > Maar twee offers bly vir die Nuwe Testamentiese gelowige oor in die navolging van ons Enigste Hoë Priester, Jesus Christus,
 - > *'n Offer van gebed, *en 'n Offer van lof.
- >>> > Jesus Christus het in die hemel ingegaan *om ter wille van* ons voor God te verskyn (Heb 9:24) en daar pleit Hy vir ons (Rom 8:34).
 - * Jesus Christus tree in voorbidding namens ons, vir ons by die Vader in.
 - * So behoort ons ook in voorbidding, namens ons kinders vir hulle, by die Vader in te tree.
- >> > Ten diepste dat God volgens sy beloftes sal hou en

- * op grond van die werk van Christus hul sondes sal vergewe en hulle met Hom sal versoen,
- >> * maar dan ook vir elke geestelike en liggamlike behoefte waarvoor Hy ons beveel om te bid.

- > Dit is die vroeg-môre offer waarna jy elkeen van jou kinders behoort te roep.
- * waarvoor jy vir elk van jou kinders behoort te pleit.
- > Die tweede offer wat vir die Nuwe Testamentiese gelowige oorbly in navolging van Jesus Christus is die offer van lof en dank:

- * Vanwee die feit van ons verlossing,
- * vanwee die feit dat God ons uit die duisternis na die wonderbare lig geroep het,
- is ons God ewige lof en dank verskuldig,
- >> > daarom behoort ons ons daarop toe te lê om onself tot beskikking van God te stel as arbeiders wat sy goedkeuring sal wegdra.

- _____ -
- >>> > Ons navolging van God, soos ons in die motivering van Job se offers gesien het, is nooit 'n poging om "in

God se goeie boekies” te kom nie,

* maar dit is altyd ‘n reaksie om die wonder van wie God is en wat Hy doen.

- > Mag hierdie houding in besonder aan ons kinders duidelik word soos wat ons ouers streef om in woord
- > en daad hulle te leer wie God is,
- > wat sy liefde is,
- > en wat ‘n wonder dit is om in sy diens te staan.

Amen.